



MY GETUIENIS

'N GETUIENIS HOEKOM EK WERKLIK MET TULI'S BOER

deur Ben Raath

President van die Tuli Telersvereniging

As 'n bulkoper by jou op die plaas kom, is die eerste vraag wat hy altyd vra- hoekom boer jy met Tuli's en dan noem ons al hierdie wonderlike eienskappe van die ras- wat seker nie verkeerd is nie! As daar 'n Geestelike rede voor is, is ons mos te skaam om dit te noem, want netnou dink die persoon ek is skynheilig!

Eksel self het ook al 'n artikel in die Joernaal van 2014 op bl. 56 geskryf, oor "hoekom ek met Tuli's boer" en ook al die wonderlike eienskappe van ons ras genoem, MAAR dit is nie die ware rede hoekom ek met Tuli's boer nie!

Die wonderlike van om boer te wees, is dat die liewe Vader ons nederig en op ons knieë hou en die afgelope knellende droogte bry ons maar op 'n manier. Ek glo baie van u kan daarvan getuig! Daarom voel ek die tyd is reg om nou die ware rede te gee.

In 2008 het ek Dorper ramme by Rikus en oom Ron van der Merwe (die voormalige West Front Tuli stoet) gaan koop en vir Rikus vertel dat ek 'n beesfaktor in my boerdery wil voeg, waarna hy my van sy Tuli beeste vertel en gaan wys het.

Nodeloos om te sê, die oomblik wat ek Tuli's gesien het, het hulle my hart gesteel. Dit was droog, die koeie was in goeie kondisie en elke koei het boonop 'n kalf te voet gehad. Die verskillende kleurskakerings van die trop koeie op ons Karooveld, was prentjie mooi.

Rikus het 'n paar Joernale vir my gegee en ek is daar weg. Ek is iemand wat my vrou (Sarina) by alles betrek en nie iets sonder haar goedkeuring sal aanpak nie. Nadat ek haar vertel het hoe mooi hierdie beeste is, het ons gaan le en kon ek nie slaap. Ek het tot laat die aand gele en fotos kyk en ook al die "goeie eienskappe" in artikels gelees.

Rikus het 'n Produksie veiling oor 3 maande en ek moet 'n besluit neem. Eerstens moes ek besluit, gaan ek my paar Nguni koeie verkoop en oorskakel na Tuli's en die tweede vraag, gaan ek 'n stoet registreer- dan praat jy van 'n groot kapitale uitleg! Ek sal dit op skuld moet doen.

Ons het daarvoor gebid en gebid, maar kry nie duidelikheid. Kort daarna was ons by Nampo en het

heel eerste die Tuli stalletjie besoek en met Russell Clark en Alwyn Marx gesels- hulle was baie behulpsaam (hul sal seker nie onthou). Ek het alle beskikbare inligting by hulle gekry en is daar weg, maar gereeld teruggegaan om na die diere te kyk! Ek het ook my naam en besonderhede in die besoekersboek geskryf, sodat die sekretaresse nog meer inligting kan aanstuur. Min het ek geweet dat ek 'n paar jaar later, self daar gaan werk!

Sarina het in 2005 'n kursus in kuns in De Aar gevolg en deel van hul opdragte was, om 'n foto collage van jou lewensverhaal te maak (foto aangeheg). Heel bo is ons 3 kinders Janke, Bennie en Cara, reg onder is rante in die veld (Spitskop), dan is daar ons plaashuis en skuur, ons het ook vir 'n paar jaar in die dorp in

Raath st. I gebly, die eende- dam voor plaashuis, Bennie se perd, my ou plaasbakkie, skaaphond, my 1946 Jeep CJ2A, dorper skape, my Jeep se registrasie nommer ens. Ons hele lewe in een skildery vasgevang.

'n Week voor Rikus se veiling het ons nog nie duidelikheid en die senuwees knaag en die tyd raak min. In my hart wil ek net Tuli's koop, maar is dit die regte ding??? Net na middage (ek was alleen by die huis) het ek na ete in die Tv kamer, (waar ek elke aand sit en waar die collage al vir 3 jaar hang), op my stoel gaan sit en ek begin bid.

Ek praat reguit met die Here en sê vir Hom oor 'n week is die veiling, ek wil asb duidelikheid hê, anders gaan ek dit nie doen nie- ek kan nie bekostig om 'n fout te maak nie. Ek het lank met die Here gepraat en toe ek Amen se en my oe oopmaak, kyk ek reguit op na die collage (toevallig?!- ek twyfel!). Meteens voel dit asof daar skille van my oe afval en vir die eerste keer na 3 jaar let ek op na die beeste! Ek het hoendervleis gekry en kon die teenwoordigheid van die Heilige Gees duidelik in die vertrek aanvoel! Dit lyk dan soos Tuli koeie!

Sarina was by die werk, ek het haar dadelik gebel en alles verduidelik en gevra waar kom sy aan die foto van die beeste. 'n Collage word van foto's gemaak, wat jy uitknip, plak en dan verf. Sy het my vertel dat sy dit in 'n

Landbouweekblad gekry het. Onthou op daardie stadium het ek met Nguni's geboer, hoekom het sy dan nie Nguni's gebruik nie? Nguni's sou self mooi gelyk het.

My hart het begin klop en dadelik die Landbouweekblad gesoek- ons mense wil mos altyd meer bewyse he!! Ek het hom gekry en dit was 'n artikel wat wyle oom Stefan Welz oor Tuli's opgestel het!

Hoe wil 'n mens 'n duideliker antwoord he as dit en die beste van alles is, is dat die Tuli's amper in die middel van alles staan.

Hierdeur wil ek net se, dat die Here nooit te laat is nie en wanneer jy Sy naam waarlik aanroep, Hy altyd sal antwoord. Partykeer is dit nie altyd wat ons wil hoor nie, maar Hy weet die beste.

In my geval kyk ek nie weer terug nie en kan ek werklik die hand van die Here oor my beesboerdery sien! My stoet gaan van krag tot krag. Kort daarna is ek tot die Tuli Raad verkies, daarna ondervoorsitter en vandag selfs die President.

In 'n opvolg kan ek dalk oor die jare daarna skryf. Dit laat my so aan die verhaal van Moses en die uittog uit Egipte dink- as die Here vir jou iets wys om te doen, beteken dit ook nie altyd net maanskyn en rose, maar die belangrikste, Hy sal jou ook daardeur help. ■



MOPANI
Tuli Stud

MOPANI BULLS ARE BUSH
HARDY, ADAPTED AND
SELECTED TO WORK

Tulis Donkerhoek

Om funksioneel
doeltreffende diere te
teel wat vrugbaar,
gehard en aangepas is
onder uiterste toestande.



PVC - 051 448 5832/4

Go West Produksieveiling: 18 Oktober 2018 te GWK- Kimberley



BUSH WACKER

• "Bush Wacker" Vleissentraal SA Stamboek Elite Bulgroeitoetsklas 2018
(Bongani seun- Bongani se saad is beskikbaar by CRV-XSEED)

Ben Raath | 083 468 6176 | braath@isat.co.za | Britstown | Noord Kaap
Colin Raath | 082 320 2863 | info@petbirds.com | Tarkastad | Oos Kaap

www.donkerhoektulis.co.za



Donkerhoek Tulis

Breeding Values for LONGEVITY

Dr Helena Theron, Dr Bobbie van der Westhuizen & Dr Japie van der Westhuizen
SA Stud Book, Pretoria Office

THE IMPORTANCE OF LONGEVITY

Longevity of cows has an economic impact on a herd. Mature cows which have produced many calves are without a doubt more profitable than cows that only produce one or two calves and then have to be culled. It is expensive to raise a heifer, and if she only produces one calf before being culled, she will most likely not be profitable. Longevity is also one of the major contributing factors towards genetic progress when selection pressure is applied in livestock. A lack of fitness (survival and fertility) necessitates lower selection pressure among the animals eligible as selection candidates as more replacements are needed to fill the void caused by the non-survivors.

Longevity has a genetic component, which is in fact a composition of many underlying traits, of which the ability to adapt to the environment and fertility are probably the main factors. The genotypes that are most adapted to the environment can usually be identified as animals that remain in relative good condition throughout their lives and reproduce regularly. These are cows that remain in the herd for many years and produce many calves. Adapted cows that calve every year are the ideal type of cow, especially if her daughters also remain in the herds.

The question is why do cows leave the herd? Sometimes a cow culls herself – she doesn't show heat,

doesn't become pregnant, becomes ill, or dies. She may also be culled due to structural defects, for example leg and hoof problems or scrotal abnormalities in bulls. This is known as involuntary culling. Voluntary culling happens when the breeder decides to cull the cow – usually for poor production, or for example if she weans a poor calf. She may also simply be the poorest cow in the herd, but if she is genetically acceptable, she could be sold off to another breeder. There is therefore a huge difference in profitability between these two types of animals. If a large proportion of animals in the herd cull themselves, the breeder has no option but to keep the poor producers as well, which has a long term effect on the productivity of the herd and the reaching of selection goals.

Longevity therefore measures the composite ability of animals to remain in the herd. It reflects the ability of a cow to reproduce and wean calves while remaining sound and resistant to diseases for as long as possible. In bulls it reflects the ability to breed daughters that have a long herd life (longevity). SA Stud Book has developed breeding values for longevity (also known as Herd Life) for Tuli cattle.

PHENOTYPIC MEASURES OF LONGEVITY

Data of cancelled Tuli cows on the Logix database were used to ascertain phenotypic measures of longevity in Tuli cows, for example maximum number of calves born and

erosion of cows over time. Only data of cancelled cows were used, as they have calved the maximum number of times and only cows born before 2008 were included, as they could already have at least 8 calves. The data choice for this particular study ensured the avoidance of possible biased conclusions as it allows equal chances for survival of the animals included.

“Longevity therefore measures the composite ability of animals to remain in the herd.”

“Should an animal be present at weaning, 18 months, 2 years and every year in between up to 10 years, it is classified as alive for each period (which constitute a trait).”




Figure 1: Erosion of fertility records: only around 60% of cows that calve for the first time, calve for the second time of which 76% calve for the third time. After that, around 70-80% of cows calve again each year, up to a maximum of 19 calves.

The distribution of number of calves born among currently live cows is also shown in figure 2. Of the currently 2881 active Tuli cows, 25% have one calf on record, 20% have 2 calves and 19% have more than 5 calves. This shows that some cows are lost after producing only one calf. If a greater proportion of cows can be moved from the group that are culled after producing one calf, to the group that produce a calf each year, longevity and profitability will increase.




Figure 2: The distribution of the number of calves of live Tuli cows currently on the Logix database

ESTIMATION OF BREEDING VALUES FOR LONGEVITY

Breeding values for longevity needs to take into account when an animal is cancelled and therefore leaves the breeding herd. It also has to take into account other influencing factors, for example the sex of the animal and the herd or contemporary group to which it belongs. A large multi-trait model, which tracks the activity of all

animals born in their specific contemporary groups each year for a period of 10 years, are used for the estimation of breeding values for longevity (also known as herd life). This contemporary group stays intact for a period of 10 years. Animals are classified as 2 when alive and present, or 1 when cancelled. All animals in the breed are classified as alive in their birth contemporary groups. Should an animal be present at weaning, 18 months, 2 years and

every year in between up to 10 years, it is classified as alive for each period (which constitute a trait). Should the animal be cancelled at any stage, it is classified as cancelled from that period onwards up to 10 years. If the status of an animal is unknown, it is classified with a value of zero. Measurements are taken for both males and females, but both sexes are not placed in the same contemporary groups, as selection pressure is much higher on bulls than

on cows. Other factors that are taken into account are a sire by herd interaction and the fact that it is repeated measures on the same animal. The herd in which the animal remains for each measurement, is

also considered, as retention in herds may differ. While some herds may be building numbers, others may remain stable. An animal may be sold to a herd which wants to increase herd size for example, in which case a

higher proportion of animals would be retained in this specific herd. This herd effect is also therefore taken into account and breeding values are corrected for it.




Figure 3: Genetic trend for longevity in Tuli cattle show genetic improvement.

Breeding values are then estimated in a multi-trait model and an average Breeding Value for Longevity, also known as Herd Life, is released. The heritability for the separate traits (chances of an animal to still be alive at a specific age) range between 9% and 23% and all genetic correlations between individual longevity periods are high positive.

From Figure 3 it can be seen that the genetic trend for longevity in the Tuli is positive and that breeders have genetically improved longevity over time. Tuli breeders have directly or indirectly selected for longevity – these are cows that tend to be well adapted to the environment and calve regularly. If this type of cow is used for the breeding of sires, longevity will be further enhanced and genetically ingrained in the Tuli.

Longevity breeding values take pedigree information and the performance of family members into account as well. Should a heifer come from a genetically strong cow family where cows tend to become old with many calves becoming

parents themselves, this will show in her longevity breeding values. Take for example an old cow that have been very successful herself and due to a superior environment, weaned many calves, but no or only a few calves tended to be retained in the breed. Her calves' performance will negatively affect her longevity breeding values. This cow was in a very good environment her whole life – even though it was easy for her to calve every year, and she was never exposed to diseases or other adverse conditions, and she therefore became old herself, if her calves and other family members tended to be culled at an early age relative to other calves from the same contemporary group, her longevity breeding value will be negatively affected.

LONGEVITY IS ALSO INCLUDED IN THE COW VALUE

The effect of longevity, which is an important characteristic of a 'perfect' cow, has only recently been included

in the Cow Value. Sometimes older cows or 'grande dames' with many calves and a short ICP would have poor fertility breeding values due to small contemporary groups when they were young or some other reason, while not having many female family members to add information regarding fertility. These cows will now find redemption in the adding of the longevity breeding value as part of the fertility sub value, which will influence the Cow Value.

SELECTION FOR LONGEVITY

Selection for the composite longevity trait is possible in the Tuli, as is shown by the strong positive genetic trend. The goal would be to select cows that are genetically programmed to be able to adapt to their environment, and nonetheless produce a calf each and every year. Longevity breeding values can be used to select animals that conform to these characteristics, and identify animals that don't. This will result in the increase of profitability for the beef cattle producer. ■



Breeding for
Functionality
and Fertility



Raised on virulent redwater, heartwater & gallsickness veld

Don't miss our exciting line-up for our

NEXT SALE

4TH PRODUCTION SALE - 11 APRIL 2019

Selling in association with TipTree Tuli

Dave Mullins 082 299 7953 | mullins@isat.co.za



TIPTREE TULIS

BREEDING FOR ENHANCED
PROFITABILITY & GENETIC PROGRESS



Top priced bull
TT1553 sold for
R54,000

photo: Wayne Southwood



THANK YOU TO ALL THE PURCHASERS WHO SUPPORTED US.

NEXT SALE

Don't miss our exciting line-up for our
4TH PRODUCTION SALE - 11 APRIL 2019

www.tiptreefarm.co.za 

Stephen Mains-Sheard 082 323 4286 | crosswayfarm@gmail.com



Charl van Rooyen bied aan

DOELTREFFENDE BEESBOERDERY

Soos in enige ander boerderyvertaking is die strewe van vleisbeesteling om die maksimum hoë kwaliteit uitsette te lewer met die minimum insette.

Om te oorleef in beesboerdery in die huidige omstandighede waarmee die beesboer te doen het, moet dit soos enige besigheid bedryf word.

Die bedryf verander met tyd, daarom is dit belangrik om tendense voortdurend te verstaan en waar te neem.

In Professor Jan Bonsma "Benchmark Papers 1989" skryf hy reeds:

If it is known how to select animals which utilise feed efficiently, these will be the ones which will survive when food becomes scarce. These animals have certain common characteristics, such as good stomach capacity and the ability to walk easily. They are always smooth coated and have no difficulty in overcoming high temperatures. They also have good strong muzzles."

In 'n verdere lesing tydens 'n besoek aan Texas lewer hy die volgende boodskap aan telers (vandag nog van toepassing):

"In livestock ecology man is the most important single factor in the environment and is necessary to breed livestock better adapted to certain climatic regions. The interaction between man and his cattle must be closely studied."

BEESBOERDERY SE TOEKOMS

Vleisproduksie

Beesvleis:

Beesgetalle (2015/6): 13,6 miljoen

Beesslagtings (2015/6): 3,658 miljoen (kommersieel en eie gebruik)

Beesvleisproduksie (2016/7): 1,195 miljoen ton

Beesvleisverbruik:
Invoere (2016/7): 18 000 ton

Bruto waarde van bees en kalfslagtings (2017): R54,970 miljoen

Skaapvleis:

Skaapgetalle (2016): 20,4 miljoen (ingesluit wol, karakoel en nie-wol)

Skaapslagtings (2015/6): 6,998 miljoen (kommersieel en eie gebruik)

Skaapvleisproduksie (2015/6): 177 600 ton

Skaapvleisverbruik:
Invoere (2015/6): 15 000 ton

Bruto waarde van slagtings (2017): R12,964 miljoen

Bron: R.P.O.

Kyk ons na genoemde inligting dan kan ons verseker wees die toekoms van vleis en die vraag daarna lyk rooskleurig.

Bevolking groei met 2% per jaar. Afrika alleen gaan 'n groei van 50% van nou na 2050. Wêreld bevolking na raming 7.4 biljoen mense in 2050.

Bogenoemde inligting wys vir my daarop dat die vleisbedryf 'n rooskleurige toekoms te gemoet gaan. Daar is natuurlik altyd eksterne faktore wat hierdie produksieketting nadelig kan beïnvloed.

KENMERKE VAN DIE VLEISBEDRYF

Die Suid Afrikaanse bedryf het twee belangrike stelsels of kenmerke wat mekaar eintlik komplimenteer.

- 'n Speenkalf produksiestelsel wat hoofsaaklik bulkalwers op speenouderdom aan die voerkraal voorsien.

Hierdie stelsel het die voordeel van 'n vinniger omset en daar kan meer koeie op die veld aangehou word. Die stelsel word veral toegepas in die hoër reënvalstreke waar daar meer intensiewer met beeste geboer word. Die stelsel het ook tot gevolg gehad dat daar redelik groot veranderinge ten opsigte van rassamestelling was omdat sekere rasse beter presteer as sommige ander rasse.

Daar moet in gedagte gehou word dat ongeveer 80% van ons vleis in mark van voerkrale kom.

- 'n Tweede stelsel of kenmerk is waar 'n koeikudde wat op die veld aangehou word met die minimum insetkoste en waar speenkalwers op een of ander vorm van weiding afgerond word of alternatiewelik op 18 maande bemark word.

Interessant is om daarop te let hoe die persentasie Sanga en Komposiete se getalle ten opsigte van suiwer rasse die afgelope bykans twintig jaar verander het:

“Ons kan verseker wees die toekoms van vleis en die vraag daarna lyk rooskleurig.”

SANGA EN KOMPOSITE RASSE

1980 - 41%
2017 - 59%

Aardverwarming kan in die toekoms nog 'n groter veranderde invloed op die samestelling uitoefen.

Globale verwarming is 'n gegewe, 2014 was die warmste jaar nog ooit in SA.

Die effek hiervan is dat die klimaat drasties verander. Dit lyk asof reënpatrone en seisoene verander en verskuif.

Bogenoemde tendense beïnvloed die produksie van beeste

- Beeste gaan meer in die koelte of skaduwee lê.
- Meer water drink
- Weipatrone gaan verander
- Sekere rasse se getalle kan daal
- Raamwerk sal aangepas moet word
- Ons sal meer doeltreffende diere moet teel, met die klem op laer onderhoudskoste

KOEI FABRIEK / COW FACTORY

Bogenoemde bepaal volgens my ondervinding of die beesboer oor die lang termyn gaan oorleef, om nie eers te praat van geld maak nie. Die kruks van doeltreffende beesboerdery word bepaal deur 'n doeltreffende koeifabriek.

Wat verwag ek van die koeifabriek op die plaas?

Vrugbaarheid

Die belangrikste faktor en nommer een op die lys van eienskappe wat winsgewendheid bepaal van beesboerdery. Ongelukkig is die oorerfbaarheid van vrugbaarheid baie laag.

Gelukkig kan 'n boer deur goeie waarneming vrugbaarheid geweldig verhoog omdat daar verskeie verwysingspunte by elke vroulike dier voorkom, waarmee vrugbaarheid noemenswaardig verhoog kan word.

Die basis van vrugbaarheid is streng seleksie wat by verse begin.

Kondisieteling van koeie

Kondisie van veral koeie is op strategiese tye van die teelseisoen krities belangrik.

Dit is algemene kennis dat 'n maer koei met 'n kondisietelling van onder twee gaan sukkel om beset te raak.

Nuwe waarnemings en navorsing wys egter dat liggamsvet met kalwing 'n groter effek het op besetting as liggamsvet met dekking.

Klein verskille in liggaansvet maak 'n verskil in besettingspersentasies. Daar kan of is 'n groot verwantskap tussen liggaansvet met kalwing en vrugbaarheid tydens paring.

Beesboere weet dat koeie nie dadelik na kalwing gereed is om "bul te vat nie". Koeie herstel na kalwing en daar is verskeie faktore wat hierin 'n rol speel. Die lengte (dae) van hierdie onvrugbare periode hang af van wat die kondisie van die koei was met kalwing.

Die onderstaande tabel weerspieël die belangrike werk wat in bogenoemde verband gedoen is.

Kondisie Telling met kalwing	Onvrugbare Periode (dae)
1-2	±90 dae
2.5	±70 dae
3	±50 - 60 dae
3.5-4 (vet)	±30 dae

NB: Selekteer daardie koeie wat vroeg in die dekseisoen bul vat. Dit is gou hoogs vrugbare koeie. Raak onslae van die laatslapers. Wees egter bedag en versigtig vir koeie wat oorvet is tydens kalwing. Energie behoeftes en reserwe energie is belangrik vir die koei fabriek. Terwyl die koei dragtig is, is dit redelik maklik om gewig op te tel. As die koeie eers gekalf het, verander haar energie balans drasties.

Omdat lae koste (insetkoste) die maak of breek is van 'n lonende beesboerdery is die volgende konsep van kritiese belang:

KALWING GEDURENDE DIE GROEIPERIODE VAN DIE VELD (GRAS) IS DIE ANTWOORD VIR LAE KOSTE KOEI/KALF PRODUKSIE

Klein verskille in liggaansvet maak 'n verskil in besettingspersentasies.

'n Ander belangrike aspek van hoe goed die koeifabryk, glad (sonder moeite verloop en winsgewend is) moet ons ook die volgende belangrike aspek van 'n koei in ag neem.

Die gemiddelde vleisras koei produseer die volgende in 'n 205 dae produksie siklus:

- **Melk:** ± 5.8 kg meld/dag (1265 kg in 205 dae)
- **Vleis:** 'n kalf wat ± 240 kg weeg

TOTALE PRODUKSIE ± 1500 KG

Daar is soveel slaggate wat in jou pad kan staan om 'n suksesvolle koeifabryk te kan verseker maar hieroor is 'n artikel net te kort.

Wyle Dr Geoff Harwin het in 1992 reeds die volgende gesê (aanhaling):

“More than 60% of the total productions costs are expended on the feeding and maintenance of the breeding herd. Consequently one of the major challenges of increased profits is to increase the number, and the mass, of the calves weaned per cow per year, but at the same time to contain, or reduce the cost per breeding cow and heifer.”

A.W. Lishman wys op die belangrikheid van vrugbaarheid maar sê die volgende:

“Spending more money in attempting to improve the condition of cows, especially during winter, and thereby increasing the calving rate, often does not prove to be profitable.”

Om 'n top teëlkudde op jou plaas te vestig moet die eerste doelwit wees om 'n kudde te teël met lae onderhoudskoste.



DIE IDEALE KOEI

Wanneer moet die ideale koei die eerste keer kalf?

In sekere dele van die land kan die ideal wees om voor 26 maande die eerste keer te kalf. Volgens my is dit egter in die droë warm ekstensiewe dele van die land nie haalbaar nie. Dit is belangrik dat sy so gou as moontlik voor 36 maande moet kalf maar dat dit belangriker is dat sy dan gereeld kalf en ten minste aanhou gereeld kalf en nog tot op 14 – 15 jaar vir die eienaar 'n sterk gesonde markbare kalf gee. In hierdie opsig speel langlewendheid 'n groot rol en die Tuli kan die pretasie met gemak doen.

'n Verdere aspek van die ideale koei is dat sy elke jaar ten minste 45% van haar eie gewig in 'n kalf produseer. Die ideal om na te streef is 50%. Dit is nie maklik nie maar daar is koeie in jou kudde wat dit regkry. Boer met hulle. As 'n teler die soort koeie selekteer is hy verseker dat hy besig is om 'n lonende beesbedryf op te bou.

Doeltreffende koeie is die basis van winsgewendheid.

Een van die grootste probleme veral in kommersiële beesboerdery is dat nie vinning genoeg of dalk gladnie van onproduktiewe koeie ontslae geraak word nie.

Die praktiese uitskot van onproduktiewe koeie behels eerstens:

- duidelike en korrekte identifikasie van elke dier op die plaas;
- beperkte teëlseisoene.

“'n Verdere aspek van die ideale koei is dat sy elke jaar ten minste 45% van haar eie gewig in 'n kalf produseer. Die ideal om na te streef is 50%.”

BUL AANKOPE:

Weens die bestek van die artikel raak ek kortliks aan die aspek.

- Koop bulle met bewese rekords en prestasie;
- Oorweeg bulle wat 'n verskil sal maak aan die doeltreffendheid van die toekomstige teëlkoeie;
- teëlwaardes is 'n belangrike hulpmiddel in seleksie;
- kalwingsgemak;
- skrotum omvang;
- skede;
- manlikheid;
- loopvermoë/gemak van beweging, bene, kloue en kootgewigte.

Die eienskappe wat sy in 'n bul soek is om meerderwaardige nageslag te teel wat:

- uitstekend groei
- uitstaande vervangingsverse kan teel
- onthou bulle teel normaalweg nageslag wat soos die bul se moeders en oumas lyk.

Die oogmerk van 'n vleisboer moet wees om die meeste koeie moontlik so vinnig as moontlik en so koste doeltreffend as moontlik te kry. Die som totaal in doeltreffende beesboerdery is Volhoubare Winsgewindheid.

KOGGELBULLE

Die gebruik van **koggelbulle spesifiek op verse** kan 'n groot verkil maak aan die kalfpersentasie van jou verse. Heelwat praktiese navorsing jare gelede in die ou “Rhodesië” het uitstekende resultate in die destydse groot “ranches” wat daar bestaan het, gelever. Soos in die geval van skaapboerdery kan die praktyk met groot voordele ook in beesboerdery 'n beduidende rol speel.

OPSOMMING

Daar is uit die aard van die saak baie meer faktore wat 'n rol speel in winsgewende beesboerdery as wat in die artikel bespreek is, maar daar is aandag gegee aan 'n paar belangrike basiese beginsels.

Raskeuse

Raskeuse is nog altyd belangrik maar dit gaan nog belangriker raak gesien in die lig van die volgende:

- Temperature (Aardverwarming)
- Gemak van kalwing
- Bekostigbare aanteeldiere
- Laer onderhoudskoste

Hier kan die Tuli in die volgende dekade 'n al hoe groter bydrae lewer.

SUMMARY

Breeding beef cattle can be a very lucrative opportunity, if you stay to the basic principles and see it as a normal business which you want to enjoy and at the end of the day to make money.

The basic principles that I have take note of and see it as the utmost importance, with my involvement with cattle over more than 500 years are as follows:

MAKING THE MOST OF VELD GRAZING

Veld management influences the whole production chain and thereby has a very marked effect on animal performance.

COW FACTORY

In any **cattle operation** the “**cow factory**” on the farm is the most important factor in achieving a profitable enterprise of course, to the producer, a relatively large number of calves of a reasonable quality available for sale will have a greater influence on returns than with a relatively small number of calves with high weaning masses. Although the heritability of fertility is low, through observation and strict selection the fertility in your herd can be improved dramatically over a couple of years.

Tuli kan in die volgende dekade 'n al hoe groter bydrae lewer.

Be very strict on your heifers! Remember the cowboy's wisdom:

- Love your wife
- Forgive your children
- Don't do that to your females

LOW MAINTENANCE

Select a breed and cows with low maintenance (easy care cattle). Keep proper records of your cattle. There are very simple ways of doing it.

CONCLUSION

Climate change, increase of temperatures and rainfall showing a definite change in its pattern, will cause changes in the environment and adaptability of various breeds.

The Tuli is therefore an ideal choice for becoming of greater importance to challenge the above mentioned factors. ■

VERWYSINGS

- Fertility in the beef herd (A.W. Lishman)
- Gesprekke en e-mails (Texas A&M Avulde USA)
- Arthur de Villiers (Arcadia Nuusbrief)
- Prof J.C. Bonsma (Wortham Lectures in Animal Science)
- Dr. Geoff Harwin